# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**HG** **101-1/1**

*15 bladsye*

AFRIKAANS EERSTE TAAL HG: Vraestel 1

101 1 1 HG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

X05

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- NOMMER vrae soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN vooraf deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Nommer al die antwoorde vir hierdie afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen die antwoorde.

Lees die onderstaande tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae by elke teks.

## DOSENTE SÊ EERSTEJAARS WEET MIN
**'Party kan nie eers met liniaal meet'**

1 Ondanks volgehoue pogings deur die onderwysdepartement om leerlinge se prestasie in vakke soos wiskunde en wetenskap te verbeter, sien dosente aan hoëronderwysinstellings nog nie juis die resultate nie.

2 Verskeie dosente aan technikons en universiteite het gesê die gebrek aan basiese begrippe en konsepte by van die nuwelingstudente laat 'n mens jou hande saamslaan.

3 'n Dosent in die ingenieurswese aan een van die instellings het gesê hy is geskok deur eerstejaars wat die eenvoudigste berekenings nie kan doen nie en selfs nie met 'n liniaal kan meet nie.

4 "Hulle het geen benul van lengte-, volume- en oppervlakmate nie.

5 Party verstaan selfs nie verhoudings soos milli-, sentimeter en kilogram nie," het hy gesê.

6 Hy was ook uit die veld geslaan toe nie een kandidaat die volume van 'n boks kon bepaal nie en met absurde antwoorde soos iets-tot-die-mag-minus-sestien-millimeter vorendag gekom het.

**7** Nie een van die dosente is bereid dat hul instellings se name genoem word nie. "Dit kan die indruk skep dat ons swak studente eenvoudig maar net toelaat.

**8** Dit is werklik soms die geval, maar pogings word by elke instelling aangewend om dié leerlinge te help met 'politieke korrekte' programme soos oorbruggingskursusse, 'n aanvangsjaar of remediërende programme."

**9** Van die instellings bied ook sogenaamde "stadige" programme waarin studente eerstejaarswerk oor twee jaar doen.

**10** Heelparty van die instellings praat deesdae van 'n gr. 0 vir studente. Die is hoofsaaklik in studierigtings soos die ingenieurswese en natuurwetenskappe.

**11** Nóg 'n dosent het gesê daar is groot begrip vir die swak prestasie van voorheen benadeelde leerlinge in wiskunde en natuur- en skeikunde.

**12** "Baie van die skole het nog nie (eens) laboratoriums nie."

(Uit: ***Beeld***, 13 Februarie 2003)

1.1 Skryf 'n frase uit paragraaf 1 neer wat daarop dui dat die onderwysdepartement nooit ophou om te probeer om wiskunde- en wetenskapprestasies te verbeter nie. (1)

1.2 **... laat 'n mens jou hande saamslaan** (par. 2)

1.2.1 Word dié woorde letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.2.2 Verduidelik in jou eie woorde (binne konteks) wat dit beteken. (1)

1.3 Verklaar die volgende woorde / uitdrukkings binne teksverband:

1.3.1 uit die veld geslaan (par. 6)

1.3.2 ondanks (par. 1) (2)

1.4 Volgens paragraaf 7 wil die dosente na wie daar in die teks verwys word, nie die name van hulle technikons en universiteite bekend maak nie. Wat dink jy is die rede daarvoor? (1)

1.5 Watter pogings word deur tersiêre instellings aangewend om studente te help om hulle agterstand uit te wis? Noem TWEE. (2)
**[8]**

## SMS JY MY DAN SMS EK JOU

1 Hulle vry, baklei en sê mekaar sommer per SMS af. Dit lyk asof SMS'e veral tieners skoon begeesterd gekry het. Dit het byna 'n soort statussimbool geword om te kyk hoeveel SMS'e jy op 'n dag ontvang – en natuurlik van wie.

2 Boonop probeer almal mekaar oortref met kwinkslae en gevatte oor en weer flankeerdery.

3 Dikwels is dit duidelik van wie die boodskap kom, maar 'n geheime bewonderaar kan ook SMS'e van 'n onbekende vriend se selfoon stuur, wat die opwinding verhoog maar die ontvanger weens nuuskierigheid tot raserny dryf.

4 Daar word soms weke lank so oor en weer gekuier voor die afsender uit die kas klim. (Of dalk gebeur dit nooit nie!) Dis mos 'n heerlike speletjie om jou hart so sonder blik of bloos of stotter en stamel uit te stort. Van lyftaal en stemtoon is daar geen sprake nie en 'n aspirantvryer kan gerieflik agter sy anonimiteit wegkruip.

5 Die SMS-geesdriftiges gebruik ook hul eie taal; oorwegend Engels, maar op kreatiewe wyse verkort. Nie net omdat hulle oorspronklik wil wees nie, maar ook weens die ruimtebeperking.

6 Drie van die talle voorbeelde is Gr 8 vir "great" en R U OK vir "Are you okay" en TTYL vir "Talk to your later".

7 Volgens Ivan Booth, woordvoerder vir Vodacom, is die eerste SMS-boodskap in 1992 van 'n persoonlike rekenaar na 'n selfoon gestuur. Dit het egter van 2000 af veld gewen en deesdae stuur hul kliënte alleen maandeliks sowat 25 miljoen SMS-boodskappe van hul selfone af.

8 Met spesiale geleenthede soos Valentynsdag en Moedersdag gons dit eers. Om nie van Kersfees en Nuwejaarsdag te praat nie.

9 Goeie outydse groetekaartjies is dalk in die toekoms net 'n nostalgiese herinnering.

10 Syfers toon dat baie mense deesdae verkies om gelukwensings per selfoon te stuur eerder as om poskantoor toe te ry. Mense ontvang selfs doodstydings per SMS.

11 Dr. Wilhelm van Deventer, beraderspesialis en pastorale gesinsberader, sê hy is nie verbaas dat SMS'e so gewild is nie. Dit is prakties en bekostigbaar.

12 Hy waarsku egter dat die gevaar van misverstande met hierdie wyse van kommunikasie kan ontstaan.

13 Daar word ook van SMS'e in misdaadbeplanning en prostitusie gebruik gemaak terwyl lasterlike boodskappe en dreigemente ook voorkom.

14 Ouers koop dikwels vir hul tieners selfone en selfoonkaarte om veiligheidsredes. Maar dan maak die kinders misbruik daarvan omdat hulle nie die versoeking kan weerstaan om mekaar eindeloos te SMS nie. Moet hulle hul ouers dringend kontak, is die kaart opgebruik.

15 Die stuur van SMS'e bly oorwegend onskuldige pret en lighartige ontlading.

16 Altans, so dink miljoene tieners.

(Verwerk uit: ***Beeld***, 21 September 2001)

1.6 Skryf 'n frase uit paragraaf 4 neer wat die bedoeling van die titel van die teks **SMS jy my dan SMS ek jou** baie goed saamvat. (1)

1.7 Wat beteken **uit die kas klim** in paragraaf 4? (1)

1.8 Skryf EEN woord uit paragraaf 4 neer wat daarop dui dat sekere mense wat boodskappe stuur nie hulle identiteit bekend maak nie. (1)

1.9 Volgens paragraaf 4 is daar geen sprake van **lyftaal en stemtoon** nie. Waarom ontbreek dit in SMS-boodskappe? (1)

1.10 Skryf 'n frase uit paragraaf 7 neer wat daarop dui dat die gewildheid van SMS'e begin toeneem het. (1)

1.11 Skryf EEN woord uit paragraaf 8 – 9 neer wat daarop dui dat mense nog met **heimwee** gaan terugdink aan die stuur van groetekaartjies. (1)

1.12 Uit paragraaf 10 blyk dit dat mense **deesdae** verkies om gelukwensinge en selfs doodstydings per SMS te stuur. Waaraan dink jy kan dit toegeskryf word? (1)

1.13 **Mense verkies deesdae om gelukwensings per selfoon te stuur eerder as om poskantoor toe te ry** (par. 10). Spreek jou uit oor die geldigheid van die argument. (1)


1.14 Dr. Wilhelm van Deventer waarsku teen die gevaar van misverstande wat kan ontstaan met hierdie wyse van kommunikasie (par. 12). Verderaan in die teks word daar op nog negatiewe aspekte met betrekking tot SMS-boodskappe gewys. Noem TWEE hiervan. (2)

1.15 Ouers koop dikwels vir hul tieners selfone en selfoonkaarte om veiligheidsredes (par. 14). Gee EEN so 'n rede. (1)
**[11]**

## POPMUSIEK deur wikus du toit

**Koos Kombuis: Equilibrium (Rhythm Records / Bowline) *******

"Die pad is lank en swaar. Is daar 'n herberg op die roete tusen Gomorrah en De Aar?" My oë en hart het onlangs begin oopgaan vir die massiewe talent van een van ons land se grootste musikale en literêre kragte: Koos Kombuis. Ek het eendag op Litnet rondgekrap om te kyk wie nou weer kinderagtig-histeries raak oor wat, toe kom ek af op Koos Kombuis se huldeblyk aan Johannes Kerkorrel. Wat 'n ongelooflike klomp woorde uit die pen van iemand wat ek eintlik niks van weet nie. Toe het ek al Kombuis se boeke gaan opraap en verslind. Waarom het dit my so lank gevat om hierdie ikon te ontdek? Anyway, terug by hierdie cd. Wat 'n emosioneel gelaaide, slim en eerlike album.



Kombuis laat my soms na Eminem met meer integriteit dink. Hy sê wat hy wil op sy manier en maak seker in die proses baie mense bloedig kwaad, maar waarom 'n kunstenaar wees as jy niemand kan raak nie? Positief of negatief. Hierdie album vra al jou aandag, want elke woord en noot is gelaai met metafore, satire en emosie en elke luisteraar skuld dit aan Kombuis om hierdie album deeglik te ontdek. Luister veral na *Die kerke van die nag, Equilibrium met lithium* en die wonderlike *Bach by die Voortrekkermonument*. Met hierdie album omarm Kombuis elke weldenkende Suid-Afrikaner se neuroses en die Generasie X-ers en die Bay Boomers se psigose en hy doen dit op 'n manier wat absoluut briljant is. Kry hierdie album as jy meer vra as rymwoorde en belaglike akkoorde.

(Uit: ***Rapport***, 9 Februarie 2003)

1.16 Waaruit lei jy onmiddellik af dat hierdie 'n baie goeie cd is? (1)

1.17 Skryf 'n frase uit reël 1 – 6 neer wat daarop dui dat die resensent nie altyd van Koos Kombuis gehou het nie. (1)

1.18 Wat word met **musikale** en **literêre** kragte (reël 5 – 6) onderskeidelik bedoel? (2)

1.19 Watter afleiding maak jy in reël 7 – 11 in verband met die resensent se gevoel omtrent die skrywers op Litnet? Waarom sê jy so? (1)

1.20 Skryf EEN woord neer wat daarop dui dat hy nie eintlik geweet het waarna hy soek op Litnet nie. (1)

1.21 Wat het aanleiding daartoe gegee dat die resensent begin belangstel het in Koos Kombuis se skryfwerk? (1)

1.22 Watter figuurlike betekenis word oorgedra deur **verslind** in reël 15? (1)

1.23 Koos Kombuis laat die resensent soms aan Eminem dink. Watter verskil is daar tóg vir hom tussen die twee? (1)

**[9]**




(Uit: ***Beeld***, 2 April 2003)

1.24 Waarom verwys Duncan in raampie 2 na homself as **tronkvoël** en spreek hy sy ma aan as **bewaarder**? (1)

1.25 Waarom praat hy nie in 'n **opgewekte stemtoon** in raampie 3 nie? (1)
**[2]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

## AFDELING B
### *PRÉCIS*

### VRAAG 2

In die onderstaande artikel **Kanker vir hom 'n peslike vent wat hy wen** word daar gefokus op 'n Amerikaanse fietsryer se suksesvolle stryd teen kanker. Hy skryf sy herstel toe aan minstens VIER dinge wat ook 'n belangrike lewensles verskaf. Lees die teks deur, identifiseer die VIER dinge en maak 'n précis daarvan in 80 woorde.

LET WEL:

- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Jou antwoord moet in EEN paragraaf aangebied word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding met meer as 4 woorde.
- Dui die totale aantal woorde onder jou stuk aan.

### KANKER VIR HOM 'N PESLIKE VENT WAT HY WEN

Die Amerikaanse fietsryer Lance Armstrong, van wie gesê word hy het die poësie van fietsry vervolmaak, het reeds vyf jaar agtereenvolgens die wêreld se vermoeiendste fietswedren, die *Tour de France*, gewen.

Maar daar is 'n groter prestasie as dit – soos Armstrong dit aanteken in sy outobiografie *It's not about the bike – my journey back to life*.

Hierin vertel hy van sy suksesvolle stryd teen 'n ver gevorderde kanker. Dokters het agterna gesê hulle het hom net 'n 20%-kans gegee om die dood vry te spring.

Wat nog te sê van weer en weer die "geel trui" van oorwinning te dra.

In Armstrong se aangrypende verhaal is daar minstens vier dinge wat sy herstel verklaar, én 'n belangrike lewensles verskaf.

Ten eerste het sy ma hom dit van kleintyd af ingeprent jy moet jou "negatiewes" omskep in "positiewes". En, soos sy ma gesê het: "My son, you never quit." Dit het ook gegeld toe hy met skok van sy siekte verneem het. Baie mense sal met reg erg aanstoot neem as hulle dié soort raad kry in tye van beproewing.

In Armstrong se geval het hy 'n ma gehad wat dit juis in haar eie lewe vol pynlike teleurstellings en swaarkry, waar gemaak het. Dit was 'n model wat hy gesien het en wat in die lewenspraktyk gewerk het.

Tweedens het hy die siekte – soos die roetekaart van 'n belangrike fietswedren – tot in die fynste besonderhede gevisualiseer. Hy sou van die siekte kleingeld maak soos hy met die steiltes, draaie en afdraandes op die pad doen.

Daarby het hy die kanker tot sy persoonlike opponent verklaar en dit 'n peslike vent genoem; die ding wat uit sy gestel moes padgee. Volgens navorsingsgetuienis lewer hierdie soort visualisering van 'n probleem – nie net van mediese aard nie – 'n belangrike bydrae tot begrip en hantering daarvan.

Derdens het Armstrong self, en met die hulp van vriende en familie, alle moontlike inligting oor sy siekte versamel – die verskillende stadiums, behandelingsmetodes en die rol van 'n gesonde lewenstyl.

Hy het alles van sy siekte probeer weet en op grond daarvan nie gehuiwer om 'n verskeidenheid mediese opinies in te win nie. En toe oplaas self besluit watter behandeling hom die beste kans sal gee om weer die genesing van fietsry te beleef.

Vierdens kon Armstrong staatmaak op 'n wye netwerk van ondersteuning: sy ma, vriende, ander fietsryers, dokters, verpleegsters en ander kankerlyers het saam met hom die moeilike pad geloop.

Deur by hom te wees – met 'n medelye wat beurtelings troos, saam lag, saam huil, berispe, moed inpraat, raadgee én swyg.

(Verwerk uit: ***Beeld***, 25 Februarie 2003)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**


## AFDELING C
## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

- ALLE vrae moet beantwoord word.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Laat reëls oop tussen jou antwoorde.

Beantwoord al die vrae wat op die onderstaande tekste gebaseer is.

## MUSIEK MAAK DIE VERSKIL




Daar's min mense met meer uithouvermoë as musikante. Almal wat êrens in hul lewe musiek geneem het, hetsy klavier, viool of kitaar, sal weet dat dit 'n sekere level van commitment verg. Wanneer ek byvoorbeeld na verskillende mense se CV's kyk, beteken dit vir my meer dat die persoon 'n paar grade in musiek geslaag het, as Wiskunde hoër graad.

Dink daaraan. As jy byvoorbeeld klavier geneem het en 'n paar Unisa-grade agter die blad het, beteken dit eerstens dat jy die selfdissipline het om elke dag minstens 'n uur aan 'n instrument te oefen. Dit beteken ook dat jy die stres van 'n komende musiekeksamen kan hanteer en weet dat goeie voorbereiding sal opmaak vir sweterige hande en 'n maag vol vretende wurms (nevermaaind skoenlappers).

En dat jy, ten spyte van jou kennis van daai spanning, volgende jaar dit weer gaan doen. Dit beteken ook dat jy musiekteorie moes baasraak, en dus begrip het vir die feit dat alles nie net 'lekker' kan wees nie.

As jy musiek geneem het op skool, is jy ook gedwing om 'n mate van balans in jou lewe te handhaaf. Skole vereis dikwels van musiekleerlinge om ook minstens een sportsoort te doen, of om darem die skoolkoor te vul – dit verg nogal tydsbestuur, veral op hoërskool. Daarom neig musiekleerlinge soms ook om veelsydig te wees (redenaars, skoolkoerant, toneelgroepe, ens.): hulle het reeds 'n basiese geheim van die lewe baasgeraak – tydsbestuur is alles.

Wanneer ek dus wil agterkom of iemand hard kan werk, gaan 'n skoolrapport of 'n graad nie regtig vir my help nie. 'n Deeglike musikale opleiding sê in my opinie sommer baie meer.

**Hamba kahle, amigos! * Susan**

(Uit: ***Jip***, 31 Maart 2003)

b.o.

3.1 **musikante** (reël 1) word dikwels verwar met **musikusse**. Verduidelik wat die verskil in betekenis is tussen die twee woorde. (2)

3.2 **Musikusse** kan nog 'n meervoudsvorm hê. Gee die wisselvorm. (1)

3.3 **kitaar** (reël 3) kan op nog 'n wyse geskryf en uitgespreek word deur die verandering van die k-klank. Skryf dié vorm neer. (1)

3.4 In reël 3 word verwys na 'n **viool**. Hoe noem 'n mens iemand wat professioneel viool speel? Maak slegs van 'n agtervoegsel gebruik om die woord te vorm. (1)

3.5 Skryf **level van commitment** (reël 3) oor in suiwer Afrikaans. (1)

3.6 Volgens die skryfster van die teks is dit beter om in musiek (gegradeer / gegradueer) te wees as om Wiskunde op die hoër graad te slaag. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.7 **Unisa** (reël 8) is 'n afkorting wat 'n letterwoord / akroniem genoem word. Waarvoor staan die afkorting? (1)

3.8 Skryf nog 'n voorbeeld van 'n letterwoord / akroniem uit die teks neer. (1)

3.9 Skryf die frase **agter die blad het** (reël 8) oor in meer saaklike Afrikaans. (1)

3.10 Wanneer 'n mens genoeg **selfdissipline** (reël 9) het en elke dag oefen, tree jy (dissipline) op. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.11 Skole **vereis** (reël 18) van musiekleerlinge om ook minstens een sportsoort te doen. Die skryfwyse van **vereis** word dikwels verwar met **verys**. Maak 'n sin met **verys** waaruit die betekenis duidelik blyk. (1)

3.12 Daar is 'n (neig) by musiekleerlinge om veelsydig te wees (reël 21). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. Maak gebruik van 'n voor- en agtervoegsel OF net 'n agtervoegsel in die vorming van die woord. (1)

3.13 Musiekleerlinge is betrokke by redenaars, skoolkoerant, toneelgroepe ens. (reël 22). Hoe word die persoon genoem wat

3.13.1 aan die hoof staan van 'n koerant? (1)

3.13.2 toneelspelers afrig? (1)


3.14 Die aandagstreep in reël 23 kan met 'n ander leesteken vervang word. Wat is dit? (1)

3.15 **in my opinie** (reël 26) is 'n anglisisme wat direk uit Engels vertaal is. Vervang dit met 'n goeie Afrikaanse ekwivalent. (1)

3.16 Gee 'n gepaste uitdrukking wat 'n mens sal gebruik wanneer iemand iets moet **baasraak** (reël 16). Gebruik **knie** as kernwoord. (1)

**[18]**

# DEBAT OOR TOEKOMS VAN DIE PIESANG SKEEFGETREK




**Leo Kok**

Die probleem met 'n piesang is dat dit altyd 'n geskil afgee.

Dié keer gaan dit oor die voortbestaan van die vrug, wat volgens *New Scientist* nie meer vir lank met ons gaan wees nie.

*New Scientist* verwys in sy jongste uitgawe na navorsing deur dr. Emile Frison, direkteur van die Internasionale Netwerk vir die Bevordering van Piesangs, wat daarop wys dat die swart Sigatoka-virus vinnig besig is om piesangplantasies in Suid-Amerika en dele van die Noordelike Halfrond uit te wis.

Hierdie virus is volgens Frison baie moeilik om te bestry. Sowel genetiese manipulasie en spesiale gifstowwe bied unieke probleme aan piesangboere, wat dit baie moeilik maak om die virus te bestry.

Maar volgens mnr. Wikus Joubert, bestuurder van die Piesangkwekersvereniging in Suid-Afrika, hou die swart Sigatoka-virus geen bedreiging vir Suid-Afrikaanse piesangproduksie in nie.

Hy verduidelik dat hulle op 'n gereelde grondslag in Suid-Afrika en selfs in buurlande, monitor en dat hierdie virus nog nooit suid van Malawi bespeur is nie.

"Dit is waar dat die swart Sigatoka 'n baie gevaarlike virus is, maar die feit van die saak is dat dit nie aard in ons sub-tropiese klimaat nie," sê Joubert.

Hy sê dat piesangboere hier wel te staan kom teen die geel Sigatoka, 'n meer skadelose virus wat maklik beheer word.

Natasha Pamplin berig vanuit Londen dat dr. Luadir Gasparotto, 'n kenner op die gebied van piesangs in Brasilië, sê swart Sigatoka het reeds die meeste van Brasilië se piesangplantasies verwoes.

Hy sê die Panama-virus, wat in 1950 groot skade aangerig het, het ook teruggekeer.

Hoewel daar verskeie piesangvariante is wat bestand is teen hierdie virusse, smaak hulle dikwels nie baie lekker nie.

Tog, danksy die Britte wat byvoorbeeld 140 miljoen piesangs per week eet, lyk die toekoms van die Suid-Afrikaanse piesangbedryf gesond.

(Uit: ***Sake-Beeld***, 17 Januarie 2003)

3.17 **Die probleem met 'n piesang is dat dit altyd 'n geskil afgee** (reël 1 – 2). Watter figuurlike betekenis word deur dié woorde oorgedra? (1)

3.18 Skryf mnr. Wikus Joubert se **direkte** woorde in reël 25 – 29 neer. Begin met Mnr. Joubert verduidelik ... Let op die korrekte leestekengebruik. (4)

3.19 Die geskil (r. 1) oor die voortbestaan van piesangs, is beslis nie 'n klein (geskil) nie. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.20 Dit is te (danke / wyte) aan die Britte dat die toekoms van die Suid-Afrikaanse piesangbedryf gesond lyk (reël 49 – 52). Kies die korrekte woord tussen hakies. (1)

3.21 Gelukkig is dr. Gasparotto 'n kenner op die gebied van piesangs in Brasilië en nie 'n ______ nie. Gee 'n woord wat die teenoorgestelde betekenis van **kenner** in reël 39 aandui. (1)

3.22 Dui aan in watter grepe jy **internasionale** (reël 8) sal skryf. (1)

3.23 Gee 'n woord met min of meer dieselfde betekenis as **bespeur** in reël 28. (1)

3.24 Van watter oorspronklike woord is **uitgawe** (reël 7) afgelei? (1)

3.25 Die (mense wat in Brasilië woon) se piesangplantasies is byna alles verwoes (reël 41). Vervang die frase tussen hakies met EEN woord. (1)

3.26 Swart Sigatoka het reeds die meeste van Brasilië se piesangplantasies verwoes (reël 41 – 42). Herskryf die sin deur te begin met: Die mense van Brasilië se piesangplantasies ... (2)

3.27 Skryf **140 miljoen** (reël 50) in syfers. (1)
**[15]**




(Uit: ***Beeld***, 28 Mei 2003)

3.28 **papierwerk** in die praatborrel is direk afgelei van die Engels **paperwork**. Vervang dit met 'n beter Afrikaanse woord. (1)

3.29 Baie 3.29.1 (gevangenisse / gevangenes) gaan uit die 3.29.2 (gevangenisse / gevangenes) vrygelaat word. Skryf telkens die korrekte vorm van die woorde tussen hakies neer. (2)

3.30 Voltooi die onderstaande sin na aanleiding van die gebeure in die spotprent. Die man wat op die bed staan, is nie van plan om te wag totdat hy vrygelaat word nie, inteendeel ... (1)

3.31 Die man in die tronk sal agter slot en ______ bly totdat die owerhede besluit om hom vry te laat. Voltooi die uitdrukking deur die ontbrekende woord in te vul. (1)

3.32 Gebruik **ontsnap** in die praatborrel sodat 'n figuurlike betekenis oorgedra word. (1)

3.33 Daar vind deesdae al hoe meer (ontsnap) uit Suid-Afrikaanse tronke plaas. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

**[7]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

## AFDELING D
## TAALVERSORGING

### VRAAG 4

- In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Voer opdragte uit presies soos gevra word.

Verwys na die onderstaande teks om die vrae wat volg te beantwoord.

**DAPPER EN WAPPER**

**AS EK MOEG WORD VIR DIE LEWE IN DIE STAD ...**

Daar's 'n wandelpad met jou naam op sê Mark Johnston. Moenie weg kruip agter jou ouderdom, jou gewig of jou algemene lamlendigheid.

Stap is vir jong, fikse energie mense. Só dink baie mense. En hulle sit natuurlik die bal heel mis, want stap is nou een ding wat die meeste redelik gesonde mense kan geniet.

Hoe begin 'n mens

Hoewel enigiemand kan stap, verg dit behoorlike beplaning, veral as die berge aangevat word of 'n roete wat oor meer as een dag strek. 'n Paar goeie, duursame skoene is die mees belangrikste ding wat jy moet aanskaf want skoene wat nie reg pas nie, gaan jou aan die einde van die dag voetseer en moedeloos hê. Dis 'n belegging waarmee jy nie kan synig wees nie, maar moet ook nie die heel duurstes koop nie, want dié ontwerp is vir ernstige bergklimmers.

Oop stapskoene word ook gewild en dis 'n goeie plan om altyd plakkies saam te neem. Jy wil nie by oornagplekke ook in jou duur skoene rondloop nie.

Kry ook dikker as gewone sokkies om te absorbeer vog en te voorkom blase.

Vir daguitstappies is 15 tot 13-liter-rugsakke groot genoeg. Vir oornag benodig jy 65 tot 80 liter.

'n Goeie rugsak het 'n stewige, ligte raam, verstelbare skouerbande en opgestopte heupgordels om deel van die gewig om jou middellyf te steun. Ewe belangrik is afsonderlike kompartemente en buitesakke om noodsaaklikhede maklik by te kom.

'n Donsligte, warm slaapsak is noodsááklik, selfs in die hoogsomer. Die weer kan enige tyd verander – dit het al in die middel van die somer in die sederberg gesneeu! Oorweeg ook 'n afsonderlike binnebekleding wat uithaal en was kan word en 'n dun skuimrubbermatras wat nie baie gemaklik is nie, maar darem isolasie bied teen die koue wat uit die grond deurslaan.

(Uit: ***Veld toe***, Herfs 2003)

4.1 Die naam van die rubriek waarin hierdie artikel verskyn het, verskyn boaan die teks. Dit is gebaseer op 'n bekende Afrikaanse uitdrukking wat beteken "te voet". Daar is egter 'n fout begaan. Skryf die uitdrukking korrek neer. (1)

4.2 Sin 1 van die teks is in die direkte rede geskryf, maar die leestekens ontbreek. Skryf die sin oor en voeg die korrekte leestekens in. (2)

4.3 In reël 1 – 10 is 'n ontkenningsfout begaan. Skryf die frase waarin die fout voorkom neer en korrigeer die fout. (1)

4.4 Die eerste sin van reël 3 bevat 'n woord waarvan die vorm nie korrek is nie. Skryf die korrekte vorm van die betrokke woord neer sodat die sin taalkundig korrek is. (1)

4.5 In reël 1 – 5 is daar 'n uitdrukking gebruik waarin daar 'n fout begaan is. Skryf die uitdrukking korrek oor. (1)

4.6 'n Leesteken ontbreek in reël 3 – 5. Skryf die sin oor en voeg die korrekte leesteken in. (1)

4.7 Afrikaanssprekende mense maak dikwels foute met die oortreffende trap van woorde. Só 'n fout is begaan in reël 6 – 10. Skryf die frase waarin die fout voorkom korrek neer. (1)

4.8 Die uitdrukking **aan die einde van die dag** (reël 8-9) word deur baie mense in hulle gesprekke gebruik. Vervang dit met 'n beter Afrikaanse woord / frase. (1)

4.9 Reël 6 – 8 bevat baie kommas. Daar is egter een uitgelaat. Skryf die woord voor en na die ontbrekende komma neer en voeg die komma in. (1)

4.10 Skryf reël 13 oor en verbeter die woordorde. (2)

4.11 'n Koppelteken wat aandui dat 'n woord weggelaat is, ontbreek in reël 14 – 17. Maak reg. (1)

4.12 In reël 18 – 21 is die verkeerde woord gebruik om intensiteit aan te dui. Skryf die korrekte intensiewe vorm neer. (1)

4.13 'n Hoofletterfout is begaan in reël 18 – 21. Maak reg! (1)

4.14 Die werkwoorde in die lydende vorm wat in reël 18 – 21 gebruik is, is foutief. Skryf die korrekte woorde neer. (2)

4.15 Benewens al die foute wat jy reeds in die teks gekorrigeer het, is daar nog DRIE spelfoute begaan in reëls 1 – 10. Identifiseer die woorde en skryf hulle korrek neer. (3)
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [20]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**